Mariana Malan

Die Päni Kluci-seunskoor van die Tsjeggiese Republiek neem deel aan die Wêreldkoorspele in die Desmond Abernethy-saal by die Pretoria Boys High School in Pretoria. Kore van oor die hele wêreld neem tot 14 Julie aan die kompetisie in Pretoria deel. Foto: DEAAN VIVIER

'SA is 'n singende land'

Stigter van Wêreldkoorspele bou brûe van musiek

Günter Titsch, president van die Wêreldkoorspele, sou van alle kore ter wêreld die graagste in die Stellenbosch Universiteitskoor onder leiding van André van der Merwe wou sing.

Dié koor is die afgelope vyf jaar nommer een op Interkultur, die Duitse organisasie wat die koorspele reël, se ranglys van 1 000 internasionale kore.

Titsch is tans in Pretoria waar duisende koorlede van oor die hele wêreld aan die Wêreldkoorspele deelneem. Dit het op 4 Julie begin en duur tot 14 Julie. Dis die eerste keer dat dit in Afrika gehou word.

In welluidende Duits vertel hy wat hy so besonders aan Suid-Afrika vind.

Dan volg die tolk se effens korter weergawe, maar met dieselfde geestdrif: "Ek vind Suid-Afrika is 'n singende land. Mense sing by elke geleentheid wat hulle kry. Sang is deel van die land se kultuur. Dit maak nie saak of mense vrolik is of hartseer is nie, of hulle by 'n koorfees of by die huis is nie. Hulle sing.

"Ons het lankal daarvan gedroom om in Suid-Afrika te wees.

"Dis die land waar Nelson Mandela vir die wêreld kon wys wat vrede is en Afrika is tog die vasteland wat vir die wêreld sang, ritme en dans gebring het."

Kore kom onder meer van agt lande in Afrika en tussen 60 en 70 nasies word verteenwoordig.

Titsch het die koorspele in 1997 begin beplan en die eerste byeenkoms is in 2000 gehou.

Vorige gasheerlande was Korea (Busan), Duitsland (Bremen), Oostenryk (Linz en Graz), China (Xiamen en Shaoxing), Amerika (Cincinnati), Letland (Riga) en Rusland (Sotzji).

Die spele word vanjaar vir die tiende keer gehou.

Amptelike kore neem in spesifieke kategorieë deel. Soos met die Olimpiese Spele is daar reëls vir elke afdeling en ook 'n tydsbeperking.

Daar is vanjaar ook vir die eerste keer 28 informele kore uit die omstreke van Pretoria wat deelneem.

Van die begin af was Titsch se groot ideaal om met koorsang brûe tussen nasies te bou en mense van alle gelowe, ouderdomme en ideologieë saam te trek om te sing.

Günter Titsch

Met die toename van getalle jaarliks sien hy dat die droom verwesenlik word.

Benewens die koorsang word ope repetisies en demonstrasies aangebied.

Kore, dirigente en individue kry blootstelling aan internasionale literatuur, sang in verskillende genres en maniere waarop elders in die wêreld gewerk word.

Titsch meen die grootste uitdagings om die spele aan te bied is om die stad te identifiseer, die infrastruktuur te vestig en dan by die land se kultuur aan te pas.

Aansoeke om aan die spele deel te neem, neem jaarliks toe. Volgens Titsch sal kore nie weggewys word nie.

Vanjaar se spele kan gevolg word by watchaweb.co.za wat van Google Play of AppleApp Store afgelaai kan word.

Die afsluitingseremonie word op 14 Julie om 19:30 op kykNET (kanaal 146) gebeeldsend.

Meer inligting oor die Wêreldkoorspele, asook die volledige program is by tshwane2018.org beskikbaar.